# GEDAGTE VIR DIE DAG

**"As dit binne jou vermoë is om iemand gelukkig te maak, doen dit. Die wêreld het meer daarvan nodig"**

MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

**NUUSBRIEF 17** **18 Augustus 2022**

MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL / PRIMARY SCHOOL

Geagte Ouers

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

*Midstream Ridge Laerskool* is beslis in kwartaal 3 weer 'n miernes van bedrywigheid.

Ons het nie minder nie as 5 groot kultuurgroepe wat op verskeie plekke en geleenthede tydens die kwartaal optree.

Die *Cultivariafees* gaan nog voort met ± 13 afdelings wat nog in hierdie kwartaal plaasvind.

Op die sportveld hardloop die landlopers Gauteng aan die brand.

Die 5 skaakspanne laat stoom by hulle teenstanders se ore uitkom.

Op die krieketveld het ons 2 dogterspanne, 9 seunsspanne en 12 Bev-Krieketspanne wat hul kolf- en boulwerk tydens verkeie wedstryde vertoon.

Die graad R-leerders begin vandeesweek met *Rakkerhokkie* vir seuns en dogters met 40 leerders van verskeie kleuterskole in die omgewing. Daar is 'n ongelooflike 25 mini-hokkiespanne, 9 SNR-dogtershokkiespanne en 8 SNR-seunshokkiespanne wat behoorlik die doele laat klap.

Die 4 tennisspanne het hul eie "ATP"-toer in Pretoria en vaar baie goed.

Dit is altesaam 74 spanne uit al die sportkodes, wat meer as ongeveer 750 leerders die geleentheid bied om in kwartaal 3 aan sport deel te neem. Te midde van ál die aktiwiteite is die akademie steeds op 'n hoë standaard.

Al bogenoemde ondersteun verseker die feit dat *Midstream Ridge Laerskool* onomwonde 'n skool van geleenthede is.

### BELANGRIKE BROKKIES

- **ATKV Redenaars Landsfinaal**
  Baie dankie aan Tristan Vos (6E3), Megan Kilian (5E1) en Amelia Oosthuizen (5E3) wat ons in Rustenburg verteenwoordig. Ons is baie trots op julle!
- **Prysuitdelings by MRP**
  Aan die einde van die derde kwartaal is daar 'n Junior- en Senior kultuurprys-uitdeling. In November is daar vir graad 1, 2 en 3 elkeen hul eie prysuitdeling. Net voor die skole sluit in Desember, word die *Laureatus* Akademiese prysuitdeling en die *Excellentia* Sport prysuitdeling gehou. Ouers van die pryswenners ontvang uitnodigings na die onderskeie prysuitdelings.

# INLIGTING

## SOMERSDRAG

Leerders is welkom om, indien hul dit sou verkies, somersdrag te begin dra. Hulle kan dus, afhangende van die weer, afwissel tussen somers- en wintersdrag, mits dit ten volle, die een of die ander is. Op Dinsdag, 11 Oktober 2022, skakel ons amptelik oor na somersdrag.

## SATERDAG, 20 AUGUSTUS 2022

Die skool gaan weer Saterdag wemel met aktiwiteite. Die *Centurion Kunstefees* bied die kore kompetisie in ons skoolsaal aan. Almal betrokke by die kore word versoek om hek 2 te gebruik. Die skaakspelers word versoek om asseblief van hek 3 gebruik te maak.
Die Bev-Krieketspelers word versoek om asseblief van hek 4 gebruik te maak.

## LANDLOOP

Baie sterkte aan al die landloopatlete wat Saterdag, 20 Augustus 2022, aan die AGN Kampioenskappe in Bronkhorstspruit deelneem.

## TRUTH KOSPAKKIES

Onthou asseblief om teen Donderdag, 25 Augustus, u kospakkies by die skool se ontvangs in te handig. U volgehoue ondersteuning word opreg waardeer.

## CULTIVARIA GALA-AAND

Ouers moet asseblief Dinsdagaand, 30 Augustus 2022, oophou, om die wonderlike Cultivaria kunswerke van die leerders te besigtig tydens ons Cultivaria Gala-aand. Klik asseblief op die skakel vir die uitnodiging. **CULTIVARIA GALA-AAND**

## KAPERJOLLEDAG

Op Vrydag, 2 September, is daar groot kaperjolle by *Midstream Ridge Laerskool*. Ons vier die volgende:

- Die skool se **negende verjaarsdag** met 'n stap en piekniek.
- **Boomplantdag:** Met die plant van broodnodige bome op die skoolterrein. Die boom van die jaar in die algemene kategorie, is die *Kannabasboom* en in die seldsame kategorie, die *Afrikaanse Huilboom*.
- **Loslitdag:** Leerders kom in Loslitdrag en tekkies skool toe ten bate van *Nuwe Hoop Skool*, teen 'n R20-donasie. Volg asseblief die skakel vir meer inligting. **LOSLITDAG 2022**

U sal later meer kommunikasie oor al die reëlings van ons Kaperjolledag ontvang.

## *SPRING FEST* 10 SEPTEMBER 2022 SPRING FEST 2022

Die *SPRINGFEST* is 'n gesamentlike fees van al drie die Midstream-skole en word op Midstream College se terrein aangebied. Kry jou kaartjies by: https://www.howler.co.za/events/midstream-springfest-bf37

- **TRUTH**

Die *TRUTH*-span is op soek na graad 6- en 7-vrywilligers om hul *Shavathon*-stalletjie by die *SPRINGFEST* op 10 September, vanaf 11:00-18:00, te beman. Hul gaan uur-lange skofte werk, waartydens hulle gaan help om hare te sprei, sonbrandroom te verkoop en hare te sny. Vrywilligers kan hul name by juffrou Minette Bornman ingee, en moet reeds in besit wees van 'n toegangskaartjie wat hul self aangekoop het.

## GEBEDSGROEP VIR MAMMAS

Baie dankie aan al die gebedsmammas en vir dit wat hulle agter die skerms doen, ons waardeer dit opreg. Indien u deel wil word van hierdie groepie mammas wat saambid, kontak asseblief vir Anina Wagner by 0823386887 of anina@thetalentwarehouse.co.za. Gebedsversoeke kan enige tyd in die gebedsbokse op die skoolterrein geplaas word. Daar word elke Vrydag daarvoor gebid. Volg asseblief die skakel vir meer inligting. **GEBEDSMAMMAS**

## *EDANA* SELFOONTOEPASSING

Ons beoog om binnekort slegs van die skool se selfoontoepassing gebruik te maak vir kommunikasie aan ouers. Ons versoek u dus vriendelik om so spoedig moontlik dié toepassing af te laai. Klik asseblief op die skakel vir die prosedure om dié toepassing op u selfoon af te laai. **EDANA**

## STUDIEMETODE-KURSUS

Klik asseblief op die skakel vir meer inligting. **STUDIEMETODEKURSUS**

Midstream Ridge-groete



**VERNON HARMSE**
**SKOOLHOOF**